# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



# Epifanie

**27 JANUARIE 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **01**

# INHOUD


## 02 VRYPOS-FOKUS

**02** "In dié troos van Christus, vind ons vrede en vertroue"

## 03 ARTIKELS

**03** Verbi Divini Minister | **God nooi ons uit en ons kom tot rus**

**03** JST | **The Journal of Systematic Theology**

**03** Boekbekendstelling | **Publieke Teologie as Profetiese Teologie?**

**03** Missie Japan | **De Wets op pad na Japan as 'brug'-sendelinge**

**03** Werkgroep vir Islam | **Islam se fokus op uitbreiding - *DAWA***

**03** Toolkit | **Is ons gereed vir die volgende ramp?**

**04** Algemeen | **Die misbruik en vloek van ons Verlosser Jesus Christus se naam**

**04** Algemeen | **Jongmense verlig die toekoms!**

**04** Algemeen | **Leiersgesprekke**

**04** Afrika-Ekumene | **Dr Mostert benoem as ACTEA-raadslid**

**04** Afrika-Ekumene | **Dr Kobus van Zyl weer op pad na Suid-Soedan**

**04** Afrika-Ekumene | **Die Strand se ZIKOMO-woonstelle**

## 06 MEDIATEEK

**06** Inventaris

## 08 EKOLOGIE

**08** Internasionale dag vir die vermindering van CO2-vrystellings | **28 Januarie 2023**

## 10 LEER KEN

**10** Nuwe leraars | **Ds Fanus Henning**

**11** Nuwe leraars | **Ds Gerber Roux**

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

**12** CLF | **Nuwe Publikasies**

**13** Advertensies

## 15 OPLEIDING

## 16 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES

## 17 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 21 VERJAARSDAE

## 22 'N LAASTE GEDAGTE

## 23 KONTAK ONS

# Epifanie

**Waaroor gaan Epifanie?**

Die woord "epifanie" beteken "Godsverskyning". Dit verwys na God se verskyning aan die mensdom in die persoon van Jesus van Nasaret, die Christus.

Soms word die term "Epifanie" net gebruik as 'n verwysing na 6 Januarie, die dag ná Kerstyd. Dit is ook die dag waarop Ortodokse kerke Jesus se geboorte vier.

Soms word dit egter gebruik vir die hele seisoen tussen Kerstyd en Lydenstyd - van 6 Januarie tot die Dinsdag voor Aswoensdag.

Dit is die benadering wat ons hier wil volg.

Jesus sê in Johannes 14 wie Hom sien, sien die Vader. God verskyn dus aan ons deur Jesus. As ons God wil sien en verstaan, moet ons mooi na Jesus kyk.

Dis aan hierdie Godsverskyning dat ons die seisoen van Epifanie wil wy.

Nadat ons sy geboorte gevier het, en voordat ons by sy lyding, sterwe en opstanding stilstaan, wil ons kyk na Jesus se lewe en bediening op aarde.

Die gedagte is om tydens hierdie seisoen beter te verstaan hoe Jesus as mens geleef het, sodat ons kan weet hoe om te antwoord op sy oproep om Hom te volg.

***Oorgeneem uit***
*NG KERK STELLASTRAAT © 2021*



# Uit die Redakteur se pen

Welkom terug aan al ons lesers en voorspoed vir 2023, mag dit 'n baie geseënde jaar wees. In hierdie eerste Vrypos-uitgawe vir 2023 is daar heelwat lekker-lees artikels en leesstof, loer gerus.

Let asseblief daarop dat die beursaansoeke op Dinsdag 31 Januarie sluit - doen nou aansoek om teleurstelling te voorkom.

Die Vrypos-span wil graag vir Adriaan de Ruiter, Hoof Uitvoerende Amptenaar van Ondersteuning, geluk wens met sy verjaarsdag vandag. Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

Kom loer, lees en leer saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

**Die volgende Vrypos-uitgawe sal op Vrydag 10 Februarie verskyn. Kyk gerus na ons webblad-kalender vir belangrike datums.**

Lekker lees.

**Groete**

Celicia McLean

# VRYPOS-FOKUS

## "IN DIÉ TROOS VAN CHRISTUS, VIND ONS VREDE EN VERTROUE"

DEUR DS JAN LUBBE, MODERATOR

*"Ek behoort aan die Here. Niks sal my ooit van Hom kan skei."*

Een van die heel mooiste somers in die Vrystaat. Soos wat ons ná Nuwejaarsnaweek deur die Suid-Vrystaat huis toe gery het en afgelope week weer na die noordooste – Bethlehem, Heilbron, Parys – was dit groen, sover die oog kon sien. Weivelde, mielielande, geel sonneblomme besig om dankbaar die landskap te sier. Maar – óók – jy moet jou oog op die pad hou vir die slaggate, vir 'n verloopte bok of bees, vir 'n hoop vullis... Só is die lewe hier in ons streke, maar ook in elk van ons se binnekamer en persoonlike kring. Daar is stof tot dankbaarheid én daar is die dinge wat ons snags laat wakker lê.



Foto: *Ds Jan Lubbe, Voorsitter Moderamen*

Dinge in ons gemeentes, dinge in ons dorpe. Ons land. Sommer in hierdie eerste dertig dae van 2023 die skriknuus oor wat op 'n Sondagmiddag op 'n Ficksburg-plaas gebeur het, 'n jong boer dood. Dit mág tog nie! Die uitdagings om in daardie hittegolfweek jou huishouding, besigheid, hoendervoerdery en spilpunte aan die gang te probeer hou sonder ESKOM. Regeringslui se nuttelose gepraat terwyl gewone mense en veral die armes, die weerloses al swaarder kry...

**Is daar hoop vir vanjaar? Wat gee ons moed? Dalk raak die lysie kort, nie waar nie?**

En tóg. Vierhonderd-en-sestig jaar gelede – 1563 – open die Heidelbergse Kategismus ook met die vraag: *"Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?"*

Ons ken dit goed; ons sing dit Sondae by die doopvont, Lied 292 –

***"My enigste troos in lewe en dood***
***is dat ek aan Jesus Christus behoort.***
***Met sy kosbare bloed het my***
***vrygekoop –***
***dis my anker, my vaste hoop.***
***Ek behoort aan die Here.***
***Niks sal my ooit van Hom kan skei."***

Onthou jy nog dat die antwoord op Vraag 1 van die Kategismus gelui het: "... na liggaam en siel"?

Dit is 'n geloofsantwoord ja, maar nie bedoel om daar by die doopvont of in die kerkbank vergete te bly lê as ons huis toe gaan nie. Dit gaan nie net oor "siel" en "eendag" en "hemel" nie. My liggaam, my lyflike werklikheid en behoeftes, my aardse sorge, lewe in hierdie land – dít word ingesluit by die troos waarvan Sondag 1 praat. Dít was destyds die konteks waarin die Heidelberger gebore is, ná die Swart Pes, derduisende mense siek en dood, kinders veral; gemeenskappe op vlug weens godsdiensgeweld van alle kante; in die suid-ooste 'n militante Muslim-bedreiging. Wat is jou troos, as dit só gaan en jy nie weet waarvandaan sal daar vir ons hulp kom nie? Veelseggend is dat die opstellers van die Kategismus onderaan Vraag en Antwoord 1 tussen die teksverwysings ook Romeine 8 ingesluit het, daardie aangrypende hoofstuk uit Paulus se brief.

Die ganse Evangelie in veertig verse saamgevat: Dat daar in Christus geen veroordeling is nie; ons is vrygemaak deur die Gees. Dat ons daarom kan roep: "Abba, Vader." Dat ons mag onthou selfs in die diepte van ons lyding – wanneer ons nie eers meer weet wat om te bid nie – die Gees sáám met ons roep tot God (soos wat die Gees, terloops, ook saam met die Skepping sug; die Kategismus onthou selfs die mossies van Matteus 10!).

Lees meer »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

### God nooi ons uit en ons kom tot rus

*Dr Suzanne van der Merwe*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

JST

### *The Journal of Systematic Theology*

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*

**Loer hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Boekbekendstelling

### Publieke Teologie as Profetiese Teologie?

*Dr Martin Laubscher*
*Senior Lektor: Homiletiek en Liturgiek*



**Loer hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Missie Japan

### De Wets op pad na Japan as 'brug'-sendelinge

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

### Islam se fokus op uitbreiding - *DAWA*

*Dr Enrico Casaleggio*
*Raad van Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Toolkit

### Is ons gereed vir die volgende ramp?

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier**

# ARTIKELS

## ALGEMEEN | AFRIKA-EKUMENE

ALGEMEEN

### Die misbruik en vloek van ons Verlosser Jesus Christus se naam

*Dr Dawie Botes*
*Leraar van NG Gemeente Welkom-Wes*



Lees hier

ALGEMEEN

Kougom 2023

### Jongmense verlig die toekoms!

*Marlou Strydom*
*Kopanong Studentebediening*




Lees hier

ALGEMEEN

NG Kerk-familie

### Leiersgesprekke

Kyk uit vir hierdie artikel in die volgende Vrypos-uitgawe.



Kyk uit vir dit

AFRIKA-EKUMENE

ACTEA

### Dr Mostert benoem as ACTEA-raadslid

*Mariëtte Odendaal*




Lees hier

AFRIKA-EKUMENE

Ons Familie in Afrika

### Dr Kobus van Zyl weer op pad na Suid-Soedan

*Oorgeneem uit VrydagNuus*
*Sinode Wes-Kaapland*




Lees hier

AFRIKA-EKUMENE

Getuienisaksie

### Die Strand se ZIKOMO-woonstelle

*Oorgeneem uit Getuienisaksie*
*Eenheidsbediening, Wes-Kaapland*




Loer hier

# #IMAGINE SENTRAAL

**Nampo Park**
**Bothaville, VRYSTAAT**




# #imagine

>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>

## 18-20 MAART 2023

Kaartjie Koste:
**R500-00**

TWEE VENUES, DUISENDE TIENERS, EEN NAWEEK.
'N AANBIDDINGSAVONTUUR EN "EPIC" SPREKERS: WORD DEEL VAN DIE GROOTSTE INTERKERKLIKE JEUGBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

OUDERDOMSGROEP 13 – 18 | GROEPLEIERS & VRYWILLIGERS VAN ALLE OUDERDOMME WELKOM

WWW.FACEBOOK.COM/IMAGINEMOVE INSTAGRAM. IMAGINE_MOVESA INFO@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA / CENTRAL@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA 079 991 7847

WWW.IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA

**CHRISTO NEL | 076 973 2006**

*UJ Press, University of Johannesburg*


# Reader in **Trinitarian Theology**

Skrywer
**Henco Van Der Westhuizen**

"Speaking God today … signifies assuming the task constitutive of the discipline of systematic theology. … A relational God who lives in exstatic self-giving, creates Christian communities of hospitality and generosity, and offers a healing vision of truth, goodness, and beauty. Speaking the Triune God extends the promise of the benediction, May the grace of the Lord Jesus Christ, and the love of God, and the fellowship of the Spirit be with you all." **- Rian Venter**

"In this first volume on doing Theology in South Africa, **Henco van der Westhuizen** assembled an array of articles by South African theologians on Trinitarian Theology from 1976 till today."

***Oorgeneem uit*** *© Copyright 2022, Bookstore theme and support by OpenJournalSystems.com.*




## INVENTARIS

Die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se inventaris word hier volledig deurgegee.

Rig enige navrae aan **Anelia van den Blink** by **(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Loer hier** »



**OPEN** 1 OKTOBER 2022 | **SLUIT** 31 JANUARIE 2023

# BEURSAANSOEKE 2023

Die NG Kerk Vrystaat stel beurse beskikbaar aan studente wat Teologie sowel as vir ander studierigtings studeer. Die fondse vir hierdie beurse is verkry deur bemakings aan die NG Kerk Vrystaat en die Helpmekaar Vrystaat.

Studente wat Teologie studeer of wil studeer met die oog daarop om 'n predikant in die NG Kerk-familie te word, kan aansoek doen by die Beursfonds vir Teologiese studie.

Studente wat in enige ander rigting wil studeer, kan aansoek doen by die Helpmekaar Vrystaat.

**Terme en voorwaardes geld*

**VIR MEER INLIGTING KONTAK**

**Tertius Botha**
tbotha@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

**KLIK HIER**




***Oorgeneem uit** Getuienisaksie Eenheidsbediening, Sinode Wes-Kaapland*

**Op Saterdag 28 Januarie vier die wêreld die internasionale dag vir die vermindering van $CO_2$-vrystellings.** Aangesien klimaatsverandering steeds ons wêreld beïnvloed, dra dit by tot die agteruitgang van ons mooi planeet. Maar die situasie hoef nie hopeloos te wees nie! As elke persoon eenvoudig meer moeite kan doen om hul koolstofvoetspoor en $CO_2$-vrystellings te verminder, selfs net met 'n bietjie ekstra moeite elke dag, sal dit help om die wêreld 'n veiliger en meer volhoubare woonplek te maak, nou sowel as vir die toekomstige geslagte. Internasionale dag vir die vermindering van $CO_2$-vrystellings is hier om as 'n herinnering en motivering vir elke persoon te dien om beter gebruik te maak van die hulpbronne wat aan ons gegee is.

DEUR © **2023 DAYS OF THE YEAR**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

Lees meer

NG Kerk
Vrystaat

# Sinodale
# Vrouekonferensie

Dankie aan elke vrou wat gedurende die jaar haar deel gedoen het vir die bediening aan vroue in die gemeentes in die Vrystaat

**Lees meer** »

**Geloofsbrief** »

**11** Saterdag **Februarie** 2023

**Universitas Geloofsentrum**
Strauss-straat 12, Bloemfontein

**Registrasie vanaf 07:00 - 08:30 | Verdaag om 13:30**

Besprekings het reeds op Dinsdag 29 November 2022 geopen en **sluit op Dinsdag 31 Januarie 2023**



**Koste: R250 per persoon**
Spreker: Dr Stephan Joubert

**NAVRAE** | Marietjie van der Merwe - 076 113 9601

Mag elkeen van julle jul lig laat skyn, hoop bring en 'n verskil maak in jou gesin en gemeente

© 2022 | NG Kerk Vrystaat

# LEER KEN

NUWE LERAARS

# Ds Fanus Henning

NG Gemeente Aandbloem

## VAN WAAR?

Fanus Henning is gebore op Fauresmith in die Vrystaat.

## SKOOL & UNIVERSITEIT

- **Laerskool:** Vooruitsig Laerskool, Kimberley
- **Hoërskool:** Hoërskool Schoonspruit, Klerksdorp
- **Universiteit:** Kovsies (BTh)

## ERVARING EN BEROEP

- NG Gemeente Hobhouse: Maart 1986 tot September 1995 en NG Gemeente Hopetown: 1 Oktober 1995 tot 31 Julie 2017.
- In 2017 word Fanus aangestel as Hoof Uitvoerende Direkteur van die Caritas Gemeenskapsfokus, 'n maatskappy opgerig deur die NG Kerk in Noord-Kaapland en werksaam as maatskaplike werk-organisasie binne daardie sinodale gebied.
- In hierdie tyd tot 31 Maart 2021 was hy gekoppel aan die NG Gemeente Bakenskop, Kimberley. Op 31 Maart 2021 het hy geëmeriteer en verhuis hy en sy vrou na Bloemfontein.
- Op 1 April 2022 is hy na die NG Gemeente Aandbloem in Bloemfontein beroep en in 'n vaste termyn pos vir twee jaar bevestig.



***Foto:***
*Ds Fanus Henning*

## MY BELANGSTELLINGS

- Die buitelewe.
- Om in die tuin te woel en te werk.
- Om te draf.

## DÍT GEE MY HOOP

Dat God die Heilige Gees met ons krom woorde hoop en vrede in mense se lewens bring.

## MY DRYFKRAG

Die wete dat God eenvoudige en swak mense roep en gebruik om die goeie nuus van Sy liefde en genade vir alles en almal te laat hoor. Fanus hou vas aan die feit dat nie hý die sukses van die verkondiging van die goeie nuus bepaal nie, maar die Here Self wat met ons as Sy skepping op weg is.

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

Dat ons 'n land sal wees waarin die kerk van Jesus Christus die liefde wat ons van Hom ontvang het, sal aangee en met almal sal deel. Dat ons almal moet hoor en beleef dat God se liefde daar is vir alles en almal. Dit is 'n onvoorwaardelike liefde wat ek onvoorwaardelik moet kan uitleef – hier waar ek en Sy kerk nóú is.

## FAMILIE

Fanus is getroud met Engela. Sy het as arbeidsterapeut gepraktiseer, later in die onderwys beland en toe afgetree. Tans gee sy ekstra wiskunde klasse aan leerders.

# Ds Gerber Roux

NG Gemeente Hospitaalpark

## VAN WAAR?

Alhoewel Gerber op 13 Februarie 1989 in Pretoria gebore is, beskou hy homself as 'n gebore Vrystater aangesien sy ouers op daardie stadium in Frankfort gewoon het. Daarna woon hulle in Virginia en Hennenman.

## SKOOL & UNIVERSITEIT

- **Laer- en hoërskool:** Hennenman
- **Universiteit:** Kovsies. Hy behaal sy BTh in 2011 en sy MDiv in 2013.

## ERVARING EN BEROEP

- NG Gemeente Odendaalsrus: 13 Februarie 2015 tot Februarie 2022. (Die laaste twee en 'n halwe jaar het hy ook in Allanridge gewerk).
- NG Gemeente Hospitaalpark, Bloemfontein: vanaf 6 Februarie 2022.

## MY BELANGSTELLINGS

- Gerber lees graag fiksie asook boeke oor teologie, geskiedenis, sielkunde en in 'n mindere mate filosofie.
- Fliek, veral dokumentêre films.
- Gholf
- Hy kyk graag na Formule 1 en speel dit ook op Playstation.

## DÍT GEE MY HOOP

Die oortuiging dat Christus sy Kerk self in stand hou. As hy moedeloos raak oor die omstandighede in die NG Kerk, word hy vertroos deur die wete dat dit Chrístus se Kerk is; dat die Here soewerein oor alles is.

## MY DRYFKRAG

Dit is vir Gerber altyd kosbaar om deel te hê aan mense se verhale, daarom koester hy dit en probeer altyd om in 'n goeie ruimte binne-in homself te wees.



***Foto:***
*Ds Gerber Roux*

Wat hom ook aanmoedig, is om lidmate (asook sy eie) ontwikkeling te sien. As daar iets is waaraan hy probeer vashou, is dit die opvoeding wat sy ouers hom gegee het en dit wat die Here ons in sy Woord leer.

## MY DROOM VIR DIE KERK EN SUID-AFRIKA

Dat ons ons Gereformeerde erfenis sal herontdek en dat ons dit vir onsself sal toe-eien. Ons het baie om voor dankbaar te wees; ons besef dit nie altyd nie. Dit is ook sy droom dat daar minder slegte dinge sal wees wat die goeie oorskadu en dat ons waarlik lig in die duisternis sal wees, sonder enige kompromieë. Sy droom vir Suid-Afrika is dat ons 'n godvresende regering sal hê en dat ons as Suid-Afrikaners eensgesind sal wees; dat ons mekaar sal vind.


## GESIN

Gerber is al twee jaar getroud met Leandré, sy regterhand, wat binnekort sal kwalifiseer as geoktrooieerde rekenmeester en by PWC sal begin werk.

# AKTUEEL EN ALGEMEEN


KOOP DIT AANLYN OF STUUR 'N E-POS NA ORDER@CLF.CO.ZA

## NUWE PUBLIKASIE
## WOORDESKAT VIR GEBED




Lees hier + Koop hier +

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS




## NEW PUBLICATION
## VOCABULARY FOR PRAYER

Read here + Buy here +

LIGapp

Kategese vir die volgende generasies

# LigApp Kategese

is relevante, Bybelse kategese vir jongmense.

**Maak vandag 'n verskil aan die geloofsreis van jong gelowiges!**







Artikel Kerkbode

**Loer hier**

YouTube video


## SKRYF NOU IN

# Is jy reg vir 'n GROOT 2023?


# LigApp Kategese is daar!

LAAI HIER AF >

Om aan te sluit of vir meer inligting **kontak LigApp by francois@ligapp.co.za**




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# OPLEIDINGSGELEENTHEID

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## VBO-Jaarprogram 2023

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) se jaarprogram vir 2023.

Loer hier en teken aan +

## Dink nuut oor jou bediening

Die volgende module in hierdie kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening: "Wat sê die Drie-enige God oor ons roeping?".

Lees meer + Registreer +

## Die jaar van God se genade

Die eerste van 2023 se kreatiewe werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar, die jaar van God se genade: Lydenstyd.

Lees meer + Registreer +

## Pastorale Beradingskursus

In hierdie kursus, *Verslawing is 'n verwoester*, gaan dit om 'n multi-dissiplinêre benadering met die pastoraat as 'n belangrike komponent, met betrekking tot die probleem van verslawing.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## NUUSBRIEWE EN BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om ‘n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

**Missie Japan**
Nuusbrief

**Lees hier** »

**CLF**
Publikasie

**Lees hier** »

**CLF**
Publikasie

**Lees hier** »

## BROKKIES UIT kerkbode

### NELIS JANSE VAN RENSBURG: SEËN VIR DIE NUWE JAAR

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*18 Januarie 2023* »

### 'N AGTERMIDDAG BY PETER NAGEL: OOR TEOLOGIE, TUG EN GRIEKSE TRAGEDIE

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*19 Januarie 2023* »

### ADRIAAN VLOK, DIE NEDERIGE BEDIENDE VAN JESUS

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*19 Januarie 2023* »

### BEURTKRAG KNOU VOEDSELPRODUKSIE ÉN BEKOMMER KERKE

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*23 Januarie 2023* »

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

## Universitas

SINODALE VROUEKONFERENSIE

**Besprekings sluit 31 Januarie**

Registrasie vanaf 07:00 - 08:30
Verdaag om 13:30

| 11 | 02 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

nuut

## Hugenoot

WEBINAAR

***Being church on the edge***

18:00 - 20:00
Webinaar word in Engels aangebied

| 23 | 02 | 23 |
|---|---|---|
| DAG | MAAND | JAAR |

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

**GRATIS** WEBINAAR WORD IN **ENGELS** AANGEBIED

# 23 FEB '23

## BEING CHURCH ON THE EDGE

**WEBINAAR | 23 FEBRUARIE**

**18:00 – 20:00**

"On the Edge", is 'n **metafoor** wat dikwels in hedendaagse Suid-Afrika gebruik word, hetsy dit in die sosiale, ekonomiese of politieke sfere is.

Ongelykheid, armoede en werkloosheid is al lank met ons en word deesdae gekomplementeer met staatskaping, grootskaalse korrupsie en die gebrek aan dienslewering op talle regeringsvlakke.

Asof dit nie genoeg is nie, herinner die onlangse rasse gebeure by Maselspoort ons aan die totale gebrek aan sosiale kohesie in ons samelewing. **'n Samelewing "on the edge"**.

### Waar laat dit die kerk?

'n Blote toeskouer en kritiese kommentator of 'n aktiewe fasiliteerder, vredesbouer en morele leier in die burgerlike samelewing?

Stort ons as kerk saam met die res oor die rand of oorbrug ons die gaping?

**REGISTREER HIER**

URL: **bit.ly/churchonedge**

Aangebied in samewerking met die
**Ring van Bloemfontein-Noord** & **Jenwil BlouSter**

**Webinar Registration - Zoom**
us02web.zoom.us

**Vir nadere besonderhede kontak:**
Hugenoot Kerkkantoor by (051) 436 2659 of
Willem Ellis by 083 378 7833

HUGENOOT

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

# BETREKKINGS

VAKATURES

NUUT

NG Kerk Vrystaat

Sluit: 31 Januarie 2023

NG GEMEENTE
**SASOLBURG-TUINEDAL** (Dolerend)
LERAARSPOS

---

NG Kerk Vrystaat

Sluit: 31 Januarie 2023

NG GEMEENTE
**BAINSVLEI**
ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

---

NG Kerk in Oos-Kaapland
'n Vriendekring wat saam groei

Sluit: 13 Februarie 2023

NG GEMEENTE
**TARKASTAD**
DEELTYDSE LERAARSPOS

---

NUUT

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

Sluit: 17 Februarie 2023

WELLINGTON
**HUGENOTE KOLLEGE**
DEKAAN

## Predikantenuus

VRYSTAAT

**Ds Victor Cloete** het die beroep na NG Gemeente Hoopstad as medeleraar aanvaar. Sy bevestiging was reeds op Sondag 4 Desember 2022.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslerꞏaars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

Bybel-Media

Bybel-Media
Vennoot in geloof en bediening

NUUT
BESTEL VANDAG

# Bestel jou **Jaarboek 2023** vandag

**Beperkte voorraad** beskikbaar!


**- GEEN PRYSVERHOGING -**

**1-3 BOEKE teen R385 elk**
**4+ BOEKE teen R365 elk**
**CD's teen R295 elk**
**BOEK EN CD teen R455 per stel**

Die Jaarboek van die NG Kerke 2023 bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

Die Jaarboek verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.


Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening.




NOU **BESKIKBAAR**

**KOOP HIER** | MEER INLIGTING

# VERJAARSDAE




## JANUARIE

**27** Mnr Adriaan de Ruiter
**SINODALE KERKKANTOOR**

**30** Ds Anton Meiring
**WOODLAND HILLS**

## FEBRUARIE

**04** Ds Dubois du Toit
**KESTELL**

**11** Ds Pierre Guillaume
**SCHONKENVILLE**

# 'N LAASTE GEDAGTE

TEKS: **Habakuk 1, 2 en 3** (AFR83)

**Ds Stefan Conradie** | Leraar van NG Gemeente Arlington en NG Gemeente Lindley

# Al sou die **vyeboom** nie bot nie...

*"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder."*

HABAKUK 3:17

Lankal terug het die bekende professor Hans du Plessis, die skrywer van onder andere die Griekwa-Psalms, 'n jeugboek geskryf met die titel: "Disse Flippen Stukkende Wêreld Die, My Ou."

En is ons wêreld vandag nie ontsettend stukkend nie?

Ons mense is moedeloos. Kyk maar na die effek wat die gedwonge donkerheid in Suid-Afrika op ons het. Die ekonomie wat wankel, die onsekerheid wat daarmee gepaard gaan en dan nog die negatiewe wêreldgebeure met al sy eise. Dit is in 'n tyd soos hierdie waarin ons weer moet kyk na dié tyd van die kerklike jaar waarin ons tans verkeer, naamlik **Epifanie**.

Epifanie is afgelei van die Griekse woord "Epiphani" wat dui op God se verskyning in Jesus. Epifanie verkondig dat God hier is. God se lig het in 'n donker wêreld kom skyn. Dit kan nie uitgedoof word nie. Hierdie Lig begelei ons in ons hele lewe, ook in ons donkerste tye.

Die profeet Habakuk tree op in die donkerste, slegste tyd in die geskiedenis van Israel.

In hoofstuk 1 sien ons hoe hierdie negatiewe, moedelose profeet vir die Here sê: "**Maar God, U hoor nie. Dit lyk of U nêrens is nie**." Maar dan kom hoofstuk 2 wat sê: "**God is nou hier**."

In hoofstuk 2:2 sien ons dat Habakuk vir die volk moet gaan sê: "**God is hier, in julle stukkende wêreld**". In hierdie wêreld vol bedrieërs, in die wêreld waarin mense steel. God weet van al die misdade in hierdie stukkende wêreld. In hoofstuk 3 sien ons dat **Hababuk se oë oopgaan, hy sien God is hier!** God se plan met die wêreld is baie groter as al Habakuk se planne.

**Lees meer** »



Foto: **Ds Stefan Conradie**

# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321

Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Dinsdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer

©2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking